Oordenking
27 Julie 2009

Luister as God jou waarsku

As ek vertel dat ‘n Knysna loerie die groot boom voor ons chalet twee maal vandag besoek het en dat suikerbekkies heeldag in hierdie boom speel en die nektar van die talle blomme aan die boom geniet, dan weet jy ons is nie meer in Jeffreys nie. Sedert Saterdag bly ons in Knysna, die poort na die Grootbos op die tuinroete en een van die mooiste natuurlike tuine in ons land.

Vrydag, die dag voordat ons weg is uit Jeffreysbaai, het ons kar vir ons twee waarskuwings gegee dat iets daarmee kan verkeerd gaan en waaraan ons aandag moes gee. Dit kon maklik en teen geringe koste reggestel word, maar as ons die tekens ignoreer het, sou ons nie katastrofe voorkom het nie. Ek dank die Here vir sy waarskuwings en vir sy voorsiening in alles wat ons doen en waar ons ook al gaan.

God waarsku betyds wanneer enige gevare ons bedreig of sy kerk kan benadeel. Dit was nog altyd so. Ons lees reeds daarvan in die dae van Amos, die profeet:
Amos 3: 6 en 7: Sal daar in 'n stad op 'n ramshoring geblaas word as die inwoners nie geskrik het nie? Sal daar 'n ramp oor 'n stad kom as die Here dit nie gebring het nie? Die Here God doen niks as Hy nie sy besluit bekend gemaak het aan sy dienaars die profete nie.

Maar ons moet luister - en as ons hoor en sien wat God ons wys, moet ons aksie neem soos God se wysheid vir ons aandui en ons moet gereed wees daarvoor. Niks is by God onmoontlik nie, en Hy sal voorsien in elke nood en behoefte, selfs as gevaar ons inwag.
Doen altyd jou bes en gee jou alles vir God. As die dag van die Here aanbreek, sal jy gereed wees om aksie te neem in terme van sy waarskuwing en jy sal oorwin deur sy almag, sy genade en sy ontferming. Ons God gee beide waarskuwings EN wysheid.

Wees geseënd omdat jy God met jou hele hart dien en reageer op sy openbaring en jy oorwin deur sy almag en krag. Wees gereed en wees getrou! Wanneer die Here op die dag van gevaar antwoord met sy oplossing, moet jy gereed wees om in terme van sy plan op te tree en jou bes te doen en jou alles te kan gee om sy plan uit te voer.